Ark Blitz

Les 21 – GOD GEE SY VOLK KOS

maats lees : Eks 15 -17:7

Die Here het vir die Israeliete gesorg. Bedags het Hy vir hulle die wolkkolom gegee en snags die vuurkolom om hulle te lei. By Mara en Elim het Hy vir hulle water gegee en later weer water uit die rots by Massa en Meriba. Hy het vir hulle kwartels as vleis en manna as brood gegee. Die Here het dit alles vir die Israeliete gedoen sodat hulle kon besef Hy is die Here, die God wat altyd daar was, wat nou daar is en altyd daar sal wees.Moses het tussen die volk en die Here gestaan. Elke keer het hulle by Moses gekla en dan het Moses met die Here gaan praat. Die Here het Moses elke keer geantwoord en vir hom opdragte gegee. Wanneer die volk die Here se opdragte uitgevoer het, het Hy dit met hulle goed laat gaan. Baie jare later het Jesus, soos Moses, tussen ons en God kom staan. Hy is vandag nog ons Middelaar.

Verbind Kolom A met Kolom B

A	B	Antwoord
1.Moses (Eks 2)	1. Uittog	4
2.Massa (Eks 17)	2. Rusie	6
3. Manna (Eks 16)	3. Vreemdeling	5
4. Meriba (Eks 17)	4. Uitgehaal	2
5. Mara (Eks 15)	5. Wat is dit?	7
6. Gersom (Eks 2)	6. Op die proef stel	3
7. Eksodus	7. Bitter	1